Vrydag 13 Januarie
Skrifgedeelte: Johannes 1:29-34
Fokusgedeelte: Johannes 1:29-34

Hy wat met die Heilige Gees doop

Johannes die Doper is hier self besig om mense te doop, omdat hy ’n goddelike opdrag daartoe ontvang het (vs 33). Wanneer Jesus na hom toe kom om gedoop te word, sê Johannes aan die dopelinge dat Jesus met die Heilige Gees sal doop.

Uit die struktuur van hierdie perikoop is dit duidelik dat daar ’n verband is tussen die wegneem van die sonde (vs 29) en die doop met die Heilige Gees (vs 33). Die doop van Jesus is dus onlosmaaklik verbonde aan die afwas van die sonde en die wegneem van die sonde. Dit beteken dat Johannes slegs met water kan doop en ’n beroep op die dopelinge doen om hulle te bekeer sodat hulle vergifnis van sonde kan ontvang. Jesus doop egter met die Heilige Gees wat werklik die harte en lewens vernuwe, wat werklik nuwe lewe gee. Dit was eers Jesus Christus se doop wat die werklikheid van vernuwing en die ewige lewe in mense harte indra. Dit gebeur wanneer Christus sy Gees op mense neerlaat.

Met die Pinkstergebeure het die Gees Christus se werk in gelowiges kom voortsit en dit as ’n krag in hulle lewens kom vestig. Van toe af woon Christus deur sy Gees by en in sy kerk, en lei en regeer Hy sy kerk tot die einde toe. Om die begin van hierdie gawe van God aan sy kerk te verduidelik, gebruik die Skrif die gedagte “doop met die Heilige Gees”.

As jy God in Christus ontmoet het, het jy die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Dan het jy die ewige lewe, en is jy beslis deur Christus met die Gees gedoop!

Sing: Skrifberyming 8-2:1, 2, 3

Ds. DJA (Danie) Booyens (Koster)